

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

ds. PJ Kriel

15.03.2020

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen straf en tug. God het Christus gestraf deur van Hom en sy lewe niks te maak sodat ons nooit vir een enkele sonde ooit gestraf sal word nie. God tug ons deur ons sonde in te perk, ons sondes nie te laat werk soos ons dit droom nie en ons die gevolge van ons sonde te laat dra. Bekering van sonde kan nooit straf wegvat nie, net Christus se offer vat alle straf weg. Bekering kan net waarde hê deur Christus se offer en God se tugtiging te glo. In die moderne Christelikheid word mense geleer om God se tug as straf te glo omdat hulle Christus se offer minag en hul lewe vir God as offer vir hul sonde te gee, om besigheid van godsdiens te maak.

Skriflesing Heb. 9: 26, 10: 1 – 4; 9, 10 – 15, 18, 12: 5 – 13.

Teks Heb. 10:10 “Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd.”

Tema Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

1. Ons gaan vanoggend kyk wat is die verskil tussen die Here se straf en die tugtiging van die Here!

Die kinders! Wat doen 'n mens met iemand wat nie omgee vir julle huis nie en sommer 'n klip deur julle venster gooi, en julle weet presies wie het daardie klip deur die venster gegooi? Jy gaan maak 'n saak by die polisie, hulle gaan vang hom en sit hom in die tronk, hy verskyn in die hof, word skuldig bevind, word veroordeel en moet betaal of tronk toe gaan!

Wat doen 'n mens met iemand wat stil in die geheim kom en jou pa se bakkie vat, daarmee wegry en die bakkie afskryf, en jou pa vang hom met die afgeskryfde bakkie, en hierdie dief begin huil van jammerte oor wat hy gedoen het, en belooft hy sal dit nooit weer doen nie? Gaan jou pa sê: “Ek kan sien jy is baie jammer jy het my bakkie gesteel en afgeskryf, en ek sien jy sal dit nooit weer doen nie, omdat jy so jammer is en opreg belowe, kan jy maar gaan. Ek gaan jou nie polisie te vat om jou toe te sluit nie?” Dit kan nie so gebeur nie! Hy gaan tronk toe of betaal!

Wat doen 'n mens met iemand wat sommer net lus is om vleis te braai daar op die plaas in die veld en hy steek die plaas aan die brand en al die bome brand af? As jou pa hom vang en hy belowe dat hy vir die res van sy lewe vir jou pa gaan werk, altyd gehoorsaam sal wees en dat hy jou pa vir altyd sal liefhê, gaan jou pa so bly wees oor hierdie nuwe gehoorsame, liefdevolle werker, dat hy hom in diens gaan neem? Jou pa soek nie 'n gehoorsame liefdevolle werker nie! Hy soek skade

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

vergoeding en geregtigheid! Hy moet polisie toe en tronk toe! Hy moet betaal vir wat hy gedoen het!

Hy moet sy verdiende straf kry en sy straf uitdien! Dit is hoe die wet werk wanneer dit reg werk!

2. En sê nou daardie persoon wat die ruit stukkend gegooi het, die bakkie gesteel en gerol het en die plaas met 'n braaivleis met vriende in die veld afgebrand het, is die pa se seun of dogter, wat dan?

Dit gebeur mos! Baie pa's in Levubu het al so hul bakkies verloor! Kinders wat dit sonder toestemming vat en afskryf! Wat doen die pa dan? Vat hy sy kind polisie-stasie toe, laat hom hof toe gaan en 'n kriminele rekord kry, laat hom betaal of tronk toe gaan?

Dit het nog nooit gebeur nie. Inteendeel, pa's probeer alles doen sodat hul kinders wat hul bakkie gesteel en afgeskryf het, nie deur die polisie gearresteer word, voor die regter gebring word, gestraf en gevonnissen word en só 'n kriminele rekord kry nie. Want 'n kriminele rekord maak dat jy nooit weer al die geleenthede van die lewe kan kry en iets van jou lewe kan maak nie.

Ouers straf nie hul kinders volgens kriminele wetgewing nie! Hulle sorg vir alles moontlik dat hul nie krimineel vervolgt word nie, al is die bakkie afgeskryf en die plaas afgebrand! Want 'n ouer kan nooit van hul eie kinders volgens die wet kriminele met kriminele rekords maak nie.

3. Wat doen die Here met die sondes waarmee ons sy wet oortree?

Daar is vier sinne in Hebreërs 9 en 10 wat ons nie meer kan hoor nie omdat predikante die Woord van God verkeerd preek! Kom ons kyk weer na hierdie drie verse!

“Maar nou, by die volheid van die tye, het Hy eens en vir altyd verskyn om met sy offer die sonde ter syde te stel.” (9:26)

“Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd!” (10:10)

“Want deur die een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.” (10:14)

“Waar daar vergifnis hiervoor is, word 'n offer nie meer gebring nie.” (10: 18)

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

Kan u dit hoor? “Eens en vir altyd”, “vir altyd!” (Direkte Afrikaanse Vertaling)

4. Wat doen die Here Jesus Christus aan die kruis, “eens en vir altyd” en “vir altyd?” Hy bring een offer vir alle oortredings van God se wet, sodat daar nooit weer vir enige sonde ’n offer nodig is nie!

Wat is ’n offer?

Dit is die betaling en vergoeding van sonde! Wat doen die hof met daardie persoon wat ’n ruit uitgooi, die bakkie steel en afskryf en die plaas afbrand? Hy word gearresteer, verhoor, skuldig bevind, veroordeel en gevonnissen – en sy lewe in die tronk is sy offer! ’n Offer is altyd die straf op ’n oortreding!

Hoe is ’n offer straf? Offer beteken jy gee jou lewe nou weg as betaling en vergoeding vir jou oortreding, jy mag niks meer met jou lewe doen nie, jy mag nie meer jou lewe leef en iets van jouself maak nie. Jy moet net sit en nikswees nie en so jou lewe niks maak nie!

Dit is die straf en offer vir oortredings! Om ’n lewe te leef wat niks is nie: niks werd is, niks mee gedoen kan word en niks mee bereik kan word nie! Dit is die betaling of offer wat jy moet bring omdat jy ander se lewe niks werd gemaak het.

Christus vat elke moontlike straf wat ons moet kry vir elke sonde wat ons vir ons hele lewe lank gaan doen – eens en vir altyd weg!

5. “Eens en vir altyd” beteken regtig eens en vir altyd!

Eens en vir altyd beteken dat God ons nooit weer een keer vir enige sonde ooit sal straf nie, nie eers een keer nie. Alle straf vir ons sondes is vir altyd weg!

Want die offer wat die Here gebring het, was so kragtig en goed, dat dit alle straf vir altyd weggevat het. Jesus het met sy kruisiging en dood, net een keer alle straf van al God se kinders vir altyd weggevat! Sy lewe was ’n offer! God het sy eie Seun se lewe van gehoorsaamheid niks laat wees vir Homself nie, sy eie heilige lewe was niks werd vir Homself. God het dit nie vir Hom laat tel nie. Hy moes sy lewe niks vir Homself maak nie, sodat dit die offer vir sy kinders kan wees.

Kom ons vergelyk dit weer met ons voorbeeld! Vir watter oortreding van ’n ouer hul kind polisiestasie toe sodat die kind deur die polisie gestraf kan word vir wat die kind teen sy/ haar ouers gedoen het?

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

Vir watter ongehoorsaamheid van hul kinders, wil ouers hul kinders as kriminele laat behandel sodat hulle 'n kriminele rekord kan kry? Oues straf kinders nooit só nie! Ouers wil nooit dat hul kinders se lewe niksword word as offer vir hul oortredings nie! Hulle dra die skade in hul self as offer sodat kinders nie offers moet bring vir hul ongehoorsaamheid en oortredings nie, sodat kinders se lewe kosbaar kan bly en hulle hul lewe kosbaar kan leef. Hulle dra die skade van die gerolde bakkie en afgebrande plaas, nie hul kinders nie.

Christus se lewe was vir Homself niksword gemaak deur sy dood vir sondaars, sodat God nooit weer enige sonde van sy kinders ooit weer sal straf met die verdiende straf en offer vir sondes nie. Want die straf en offer op sondes is die ewige dood: nooit weer iets werd vir God nie.

6. Daarmee vervang die Here alle niksword offers wat volgens die geestelikes van hierdie wêreld aanhoudend gebring word omdat dit geen straf van sonde kan wegvat nie!

Hoekom was die offers van die Jode niksword offers wat geen sondestraf weggevat het nie? (10: 1 – 4) Want bekering van sonde kan nooit 'n offer vir sonde wees nie! Bekering van sonde beteken om baie jammer te wees vir jou oortreding, dat jy ophou om dit te doen en dat jy God gehoorsaam en liefhê. Dit is soos vreemdes wat julle vensters moedswillig stukkend gooi, julle bakkie doelbewus steel en roekeloos afskryf en julle plaas ongeërg en nalatig afbrand!

Word enige iets reggemaak wanneer hierdie persone huil, wys hulle is jammer, belof om dit nooit weer te doen nie en belof om nou 'n gehoorsame en liefdevolle plaaswerker te word? Hierdie bekering kan niks regmaak nie. Dit kan nie die straf van tronkstraf en vergoeding wegvat nie. As jy wil huil, jammer wees, nie weer wil oortree nie en liefdevol gehoorsaam wees, kan jy dit in die tronk gaan doen. Die straf moet uitgedien word en die skade moet vergoed word.

Die verspotheid van Joodse offers was dat hulle gedink het hulle kan met bekerings die straf van God op hul sonde wet vat – deur jammer te wees. Dit te wys, te belof om gehoorsaam en liefdevol te wees en dan vir God iets te gee wat God nodig het soos bokke, bulle en duiwe!

Hebreërs stel duidelik dat hierdie bekerings kan nie offers vir sonde wees nie. Dis hoekom mense wat met bekerings vergoeding vir hul sonde wil doen, die hele tyd net met hierdie bekerings moet besig wees, want hul gewete bly vir hulle wys hulle gaan nog gestraf word.

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

Christus het met sy offer wat werk, alle straf weggeneem en daarmee 'n einde gemaak aan mense se pogings om met bekerings vir hul sonde te probeer vergoed of reg te maak. Eens en vir altyd nooit weer straf nie, en nooit weer bekerings om vir sonde te vergoed om sonde reg te maak nie.

7. Die Here straf nooit weer ons vir sondes nie, Hy tug ons!

In hoofstuk 12: 6 stel die Woord van die Here: “die Here tug die wat Hy liefhet.” Wat is hierdie tug? Dit is wat ouers doen met kinders wat die ruite stukkend gegooi het, die bakkie gerol het en die plaas afgebrand het. Byvoorbeeld! Pa sal sê: “Jy sal nooit weer my bakkie bestuur nie, behalwe as ek saamry”, of “Jy sal nooit weer vriende op die plaas uitvat en met hulle gaan kuier op die plaas nie, of “Jy sal vir twee maande lank nêrens heengaan na jy die ruit uitgegooi het nie.”

Is hierdie straf vir saakbeskadiging, diefstal en brandstigting? Dit is glad nie. Om deur die polisie gearresteer te word, in die hof aangekla, skuldig bevind en gevonnissen te word, is die straf vir hierdie dade!

Om kinders in te perk, nie jou goed te laat gebruik nie en nie toe te laat wat hulle wil nie, is nie straf nie. Dit is tug! Die werklike verskil tussen straf en tug word in hoofstuk 10 verse 10 en 14 so gestel: die Here se offer maak ons vir God se liefde en diens heilig en volmaak! Om heilig en volmaak gemaak te word beteken dat God jou weer verbind aan jou liefde en diens en vir Hom as God. Ten spyte van al jou foute en gesukkel daarmee, laat Hy jou diens vir Hom volmaak wees.

Straf maak dat jy niks vir God mag doen nie. Jy mag nie met en vir God leef nie. Hy maak dat jou lewe vir Hom waardeloos en nikswerd is! Daarom stel God nie in jou gehoorsaamheid en liefde belang nie. Want jy mag niks met jou lewe vir Hom doen nie. Hy laat jou lewe deur sy straf nikswerd wees. Net soos jou lewe in 'n tronk nikswerd is en jy niks daarmee kan doen.

Omdat Christus eens en vir altyd alle straf vir alle sonde van ons weggeneem het, maak God dat ons lewe vir en met Hom weer vir Hom volmaak is. Hy kriminaliseer ons nooit vir ons sondes nie. Hy vat alle straf weg, nes ouers keer dat hul kinders vir hul oortredings nie aangekla word of tronk toe gaan nie. Hulle wil dat hul kinders se lewens waardevol bly en hulle iets met hul lewe kan doen.

Dit is wat die Here met ons doen deur ons sondes te tug! Hy hou ons vas binne 'n lewe waarin Hy ons gehoorsaamheid, liefde en toewyding vir Hom volmaak en heilig laat wees. Dit is die betekenis van die woord “straf” in 12: 6. Dit beteken nie om 'n offer te eis en te vra nie, maar om jou te bestraf om weer jou lewe vir en met God te leef.

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

8. Hoekom glo mense dat God hulle straf vir hul sonde?

Hoekom sal 'n seun wat nie meer sy pa se bakkie mag bestuur as sy pa nie saam met hom is nie, glo dat hy word gestraf, hy is besig om sy straf af te werk en te vergoed vir sy oortreding?

Net om een rede!

Hy minag en glo nie wat se offer sy pa moes bring om die bakkie te vervang nie. So 'n kind maak asof dit nie sy pa is wat die betaling moes bring vir die nuwe bakkie nie en maak asof dit maar sommer net so moet wees!

Wie glo dat God hulle vir hul sonde straf, glo nie in die offer wat Jesus Christus vir sonde gebring het waarmee Hy alle vergoeding vir altyd afgehandel het nie. Hulle leef met die minagting dat daar nie regtig 'n offer vir hul oortredings was nie.

Daarom glo hulle dat God se tugtiging van hul sonde, is God se manier om hulle te straf. Wanneer God hul sonde inperk, hul sondes nie laat werk soos hulle dit wil laat werk nie en hulle aan Hom vasbind en van hul lewe sonder Hom wegvat, glo hulle God straf hulle.

Dit is eers wanneer ons sien dat Christus die werklike straf van sonde, om niks te wees vir God en nie vir God te kan leef nie, vir altyd met sy offer weggeneem het sodat ons altyd vir en met God kan leef in die wete ons en ons lewe vir Hom heilig is, dat ons sien dat alles wat Hy doen om ons sonde in te perk en ons van sonde weg te keer en weg te hou, is tug. Dit kan nooit straf wees nie.

9. Dit is juis God se tug wat maak dat ons bekerings van waarde is!

Ons bekerings kry net waarde wanneer daar geen straf vir sonde is nie, maar net tug! Tug gee aan bekering weer waarde in ons lewe saam en vir God! Binne straf is bekerings waardeloos!

Want bekering gaan juis oor wat ons uit dankbaarheid doen omdat God ons nie vir enige sonde straf nie. Hoekom is ons teenoor God jammer oor ons sonde in die geloof dat Hy nie straf nie? Ons kan nie jammer wees as 'n manier om te vergoed of reg te maak nie, want alles is vergoed en reg gemaak deur die offer van Christus. Wie jammer is in die geloof God straf ons nie, is jammer teenoor God as manier om in God se liefde en genade met God saam te leef. Is jammer oor wat ons met God gedoen het deur ons oortreding!

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

Hoekom onderneem ons teenoor om God om nie weer sonde te doen, Hom van harte te gehoorsaam en lief te hê? Omdat Hy ons nie straf nie maar ons lewe vir en met Hom heilig en volmaak laat wees. Dan is ons bekerings nie offers ter vergoeding nie, maar die wyse waarop God eer as ons Vader.

Bekerings as offer en vergoeding vir sonde is totaal waardesloos, nes 'n dief se beloftes om 'n goeie werker te wees vir 'n boer totaal waardeloos is. Eers besteel jy my en dan wil jy dit vergoed deur dat ek jou in diens moet neem? Jy is mal in jou kop! Net so is alles bekerings wat vir God offers en vergoeding vir oortredings is godsdienstige malheid!

Maar, wanneer 'n kind getug word en glo dat sy tug is nie straf nie, en dan vir sy pa jammer kom sê en wil gehoorsaam uit liefde, laat daardie ouers daardie bekering uit die aanvaarding van tug, vir hulle self heilig en volmaak wees.

Eers wanneer ons God glo vir sy tug, sonder straf, kan ons bekering van sonde waardevol wees vir God. Want hier is sy kind wat weer verbind is tot die lewe waarvoor hy gemaak is, saam en vir God!

10. Gelowiges kan hulle self nooit self straf vir hul sonde teen God nie!

Dit is die nuwe spiritualiteit van die geestelikes van hierdie wêreld. Hulle wil altyd God se priesters wees wat mense leer om hul self vir God te offer vir hul sonde!

Hoe klink hierdie geestelike dade wat elke dag aan ons gepreek word vir u?

“Jy moet jou lewe vir God gee want jy het dit opgemors!”

“Jy moet jouself aan God oorgee en jou lewe vir God opgee want jy mors dit op.”

“Jy moet ophou om self vir God te leef, want jy kry dit nie reg nie.”

“Jy moet leeg word van jouself en jou self vir God ontledig.”

“Jy moet jou eie-ek kruisig en doodmaak omdat jy so sleg en sondig is.”

“Jy moet niks word vir God en jouself niks maak vir God”

Wat noem die Bybel hierdie geestelike dade: jy moet niks met jou lewe doen en jou self en jou eie lewe nikswerd maak? Dit kan nooit 'n bekering genoem word nie. Dit is die straf op sonde en die offer vir sonde!

Dit is mos presies die straf van iemand in 'n tronk! Jy mag nie meer jou eie lewe leef, jou lewe waardevol maak en iets van jou lewe maak nie. Die straf wat jy moet uitdien is dat jy en jou lewe niks is nie, en jou jammer en beloftes van liefde is niks werd nie. Dit kan nie maak dat jy weer iets van jou lewe kan maak nie. Jy is en bly niks hier in die tronk!

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

Dit is wat al die slim geestelikes van hierdie wêreld met ons as gelowiges wil doen. Ons moet onself straf en die offer vir sonde vir God bring, en dan op een of ander mal wyse maak asof dit ons bekering van sonde is! Om jouself te straf vir jou sonde, kan nooit bekering van sonde wees nie!

Bekering van sonde is om juis te glo dat God een offer een keer gebring het deur sy Seun sodat Hy my van alle straf vir altyd vrymaak. In hierdie geloof kan ek bekeer: jammer wees en liefdevol weer gehoorsaam wees omdat God my vir 'n lewe saam met Hom volmaak en heilig laat wees.

11. Geestelikes laat jou vir altyd aanhoudend betaal en betaal, en offer en offer vir jou sondes, met bekerings wat nooit sondes kan wegvat nie!

'n Skelm en bedrieër probeer altyd met die waarheid jou op die verkeerde pad vat. Hulle vat jou nie met liegstories op die verkeerde pad nie, maar probeer met die waarheid jou mislei om verkeerd te doen.

Dit is presies wat al die skelm predikante, pastore en priesters vandag mee besig is! Hulle mislei ons deur die waarheid van God se evangelie te misbruik. Daarom preek hulle só: "God vergeef ons uit genade alleen, alles is net genade. Maar jy moet God se genade ook darem aanvaar. Die manier waarop jy God se genade moet aanvaar is: "Jy moet jou lewe vir God gee want jy het dit opgemors!"

"Jy moet jouself aan God oorgee en jou lewe vir God opgee want jy mors dit op."

"Jy moet ophou om self vir God te leef, want jy kry dit nie reg nie."

"Jy moet leeg word van jouself en jou self vir God ontledig."

"Jy moet jou eie-ek kruisig en doodmaak omdat jy so sleg en sondig is."

"Jy moet niks word vir God en jouself niks maak vir God"

Kyk hoe skelm is hulle! Hulle sê eers alles is genade, en dan dink jy dit is die evangelie waar God alle straf vir altyd weggevat het, maar dan verklaar hulle jy moet jouself straf vir jou sonde om God se genade te kan kry! Want om jouself niks te maak en vir God niks te wees nie, is mos presies net die offer vir sonde! Só mislei hulle ons elke dag om te glo God se genade is dat wanneer ons onself straf vir ons sonde, dan sal Hy ons nie straf nie.

Die verskriklike mag van hierdie dwaling is dat wanneer jy eers eenkeer met hierdie selfstraf en selfoffers begin het, kan jy nooit weer ophou nie. Dit sien ons in die wyse waarop hierdie skelms op die kansels ons al vir oor die veertig jaar mee probeer mislei. Dit het in die Weskaap só begin: "As ons net die offer bring om nie meer self die land te wil regeer nie, maar die land aan God oor te gee, sal ons vrede, geluk en vryheid kry. Toe word dit "Julle moet bely dat julle sonde die rede is vir al die

Christus neem alle straf en offers vir ons sonde weg sodat ons kan wees en doen waarvoor Hy ons gemaak het

moeilikheid wat nou gekom het nadat julle jul beheer aan God opgeoffer het” en nou is dit: “Julle moet julle plase laat vat sonder vergoeding omdat julle sonde gedoen het.” Offers wat tog nooit sondes kan wegneem nie, maar ’n hele geestelike besigheid vir geestelikes word! En jy sal aanhou om jouself te offer en jouself te straf omdat God só genadig is!

So werk dit in alle verhoudings: huwelik, kinders, werkgewer, onderwysers. Jy moet jouself niks maak, jou eie lewe weg gee, opgee en oorgee sodat ander kan beskuldig en vat!

Ons moet hierdie leuen deurbreek! Christus het nie een offer gebring vir die straf op sonde sodat ons daarna aanhoudend onself moet offer en straf nie. Hy het alle straf vir sonde eenkeer vir altyd weggevat, omdat sy offer alle straf vir altyd wegvat! Nou leef ons sonder enige staf vir Hom en saam met Hom terwyl Hy ons lewe vir Hom heilig en volmaak laat wees.

Ons bekeer nie omdat ons skuldig, gestraf word en ’n offer moet bring nie. Ons bekeer ons omdat daar geen straf vir ons sonde en geen offer nodig is vir ons sondes nie.

Ons maak onself nooit niks en leeg vir God nie. Ons wy ons aan die lewe waarvoor Hy ons gemaak en bestem het: ons is alles en doen alles waarvoor Hy ons heilig en volmaak maak.

Kom ons verwerp hierdie selfstraf van die geestelike magsbedryf in ons kerk: ons maak ons self nooit niks en leeg vir God nie. Ons doen en is alles waarvoor Hy ons bestem het omdat ons vir Hom heilig en volmaak is.